# Afrikaners en Nederlanders: stamverwante?

P. de Klerk
Departement Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Vaaldriehoekkampus
VANDERBIJLPARK
E-pos: gskpdk@puknet.puk.ac za

**Abstract**

**Are the Afrikaners kinsmen of the Dutch?**

*In some recent publications the Afrikaners and the Dutch have been referred to as each other's cousins, kinsmen or relatives. Other authors, however, consider the concept of "stamverwantskap" (which can be translated as tribal affiliation or as membership of a family of nations) to be outdated and incorrect. This article briefly examines the development of the idea of "stamverwantskap" between Dutchmen, Flemings and Afrikaners and points out that this idea forms part of nineteenth-century nationalist thought. It is especially linked to the view that nations have characteristics which are similar to those of living organisms. Furthermore, the idea of kinship between the Afrikaners and the Dutch developed within the pan-Dutch movement, which had imperialist aims. It is concluded that the idea of "stamverwantskap" is incompatible with a Christian view of history and society. While the present trend is to regard all mother-tongue speakers of Afrikaans as Afrikaners, the idea of kinship is a hindrance rather than a help in the development of cultural relations between the Afrikaners and the Dutch.*

## 1. Inleiding

Suid-Afrika se politieke omwenteling van 1994 het groter toenadering tussen die Nederlandse en Afrikaanse kulture moontlik gemaak. Die noue bande wat vroeër tussen die twee kultuurgroepe bestaan het, is tans weer grotendeels herstel en Afrikaners en Nederlanders het mekaar as 't ware herontdek. Hierna word soms verwys as die herontdekking van stamverwantskap (bv. Terblanche, 1995a). Die gedagte dat Afrikaners en Nederlanders lede van dieselfde stam, dit wil sê van dieselfde familie van volke is, kom in sommige resente Afrikaanse en Nederlandse publikasies voor. Met die besoek van die Nederlandse koningin aan Suid-Afrika in September 1996 is in 'n (gedeeltelik Nederlandstalige) hoofartikel van

*Die Burger* (30 September 1996) byvoorbeeld verwys na "de jonge Afrikaanse loot" van die Nederlandse stam. Van die bekende Nederlandse geskiedwetenskaplike, G.J. Schutte, het in 1993 'n publikasie verskyn met die titel *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990* (Schutte, 1993).

Aan die ander kant is daar vandag, veral in Nederland en België, skrywers en instansies wat nie graag terme soos stamverwante of broedervolk ten opsigte van die Afrikaners gebruik nie. Die idee van 'n Nederlandse of Dietse stam wat Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners omvat, word deur Vlaamse geleerdes soos W.A. Dumon as verouderd bestempel (Groothoff & Waltmans, 1995:175; vgl. ook Van Zyl, 1995:75). H.L. Wesseling, tans een van Nederland se invloedrykste historici, meen dat die idee van die Nederlandse stam 'n konsep is "waarvan de charme thans velen volstrekt ontgaat" (Wesseling, 1995:105; vgl. ook Van Zyl, 1995:75).

Is dit korrek en ook raadsaam om in die toenaderingsproses tussen Afrikaners en Nederlanders die term *stamverwantskap* te gebruik? In hierdie artikel word gepoog om die vraag te beantwoord deur die oorsprong van hierdie begrip en die verweefdheid daarvan met bepaalde denkrigtings en ideologieë na te gaan en dit dan prinsipieel teen hierdie agtergrond te beoordeel. Hoewel resente skrywers soos Schutte (1986, 1993), De Graaff (1993) en Terblanche (1995a, 1995b en 1997) die stamverwantskapsbegrip gebruik en in historiese verband bekyk, word die begrip in geeneen van hulle publikasies krities beoordeel nie.

In die volgende afdeling sal kortliks beskryf word hoe die stamverwantskapsgedagte in Nederland en in Suid-Afrika ontstaan en ontwikkel het. In afdeling 3 word die ideologiese agtergrond nader bekyk en onder meer aangetoon dat die idee van stamverwantskap deel vorm van pannasionalisme, wat 'n belangrike intellektuele en politieke verskynsel in laat negentiende-eeuse Europa was. Daar word aangedui dat pannasionalisme 'n besondere vorm van nasionalisme is en dat dit, soos nasionalisme, as 'n politieke strewe en tegelykertyd ook 'n ideologie beskou kan word. Ten einde die stamverwantskapsbegrip prinsipieel te beoordeel, moet enkele filosofiese wortels van hierdie ideologie dus kortliks bestudeer word. In afdeling 4 word die stamverwantskapsidee dan prinsipieel in oënskou geneem en 'n aantal kritiese opmerkings daaroor gemaak, waarby 'n Christelik-Reformatoriese beskouing van die geskiedenis en die samelewing as uitgangspunt geneem word.

Aangesien daar heelwat publikasies verskyn het wat aspekte van hierdie problematiek raak, word lesers wat meer besonderhede verlang na relevante studies verwys en word slegs enkele hooflyne getrek ten einde bogenoemde vraag afdoende te probeer beantwoord.

## 2. Ontwikkeling van die stamverwantskapsgedagte in Nederland, België en Suid-Afrika

Tot diep in die negentiende eeu was daar in Nederland baie min belangstelling in die Afrikaners in die Boererepublieke en die Kaapkolonie, en die meeste Nederlanders was trouens nie van hul bestaan bewus nie (Schutte, 1986:13-24; Te Velde, 1992:71). Dit was eers gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881 toe die Transvaalse Boere hul teen die magtige Britse Ryk verset het, dat die Afrikaners groot aandag in Nederland getrek het. Hierdie belangstelling hang nou saam met die oplewing in Nederlandse nasionalisme in die laat negentiende eeu. Ná die Duitse unifikasie van 1870 is Nederland omring deur drie groot moondhede, Duitsland, Frankryk en Groot-Brittanje, en is dit as 'n bedreiging vir Nederland se onafhanklike voortbestaan gesien (vgl. Schutte, 1986:38-40; Te Velde, 1992:56-62, 78-79). Die suksesvolle stryd van die Transvalers het nuwe hoop vir die Nederlanders gebring. Die Amsterdamse hoogleraar, C. Bellaer Spruyt, het byvoorbeeld verklaar dat hy in "de overwinning van het Hollandsche element in Zuid-Afrika voor ons volk de laatste kans tot het oefenen van invloed op de wereldgeschiedenis" sien (aangehaal deur Schutte, 1986:40).

Die laat negentiende eeu was die periode van Westerse imperialisme, toe Europese moondhede, en veral juis Nederland se drie groot buurstate, groot dele van Afrika en Asië onder beheer gebring het. As 'n klein land kon Nederland nie aan die wedloop om kolonies meedoen nie. Hy kon slegs sy belange in die Oos-Indiese eilande (Indonesië) konsolideer (vgl. Kuitenbrouwer, 1991:1-188; Jongsma, 1993:55-69). Indonesië, 'n digbevolkte eilandgroep, het egter nie moontlikhede vir die vestiging van groot groepe Nederlanders en dus vir uitbreiding van die Nederlandse volk en kultuur ingehou nie. Daarom is Suid-Afrika deur sommige Nederlandse nasionaliste gesien as die laaste geleentheid vir Nederlandse kultuurekspansie (Schutte, 1986:23, 49-50; Jongsma, 1993:125-128).

Ná die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 het Nederlandse nasionaliste besef dat die ideaal van 'n "nuwe Nederland" in Suid-Afrika nie meer bereik kon word nie (vgl. De Graaff, 1993:302). Die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereniging en verskeie ander organisasies het hulle tog nog in die eerste dekades van die twintigste eeu vir sterker ekonomiese en kulturele bande met die Afrikaners beywer (volledig behandel deur De Graaff, 1993). Dit was egter veral die Algemeen-Nederlands Verbond (ANV) wat die strewe beliggaam het om alle lede van die Nederlandse stam, dit wil sê Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners, kultureel, maar ook ekonomies en polities, nader aan mekaar te bind. Hierdie strewe is ook die Groot-Nederlandse gedagte genoem.

Die ANV het vanaf 1897 onder leiding van Nederlanders gestaan, maar is oorspronklik, in 1895, deur Vlaminge gestig as deel van die Vlaamse strewe om hul

teen die oorheersing van die Franse taal en kultuur in België te verset. Boeresimpatie vorm dan ook 'n belangrike element van die Vlaamse emansiepasiebeweging van die laat negentiende en vroeg twintigste eeue, en die begrip *Nederlandse stam* is dikwels deur Vlaamse nasionaliste gebruik (vgl. Goris, 1983: veral 141-151, 287-347; hierdie werk gee 'n uitgebreide oorsig van die houding van die Vlaminge teenoor die Afrikaners in die negentiende eeu).

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is Nederland en België deur Duitsland beset. Sommige aanhangers van die Groot-Nederlandse gedagte, soos die destydse ANV-voorsitter, prof. J. de Vries, het gemeen dat die Duitse magsuitbreiding in Europa die begin was van 'n nuwe politieke orde waarbinne die staatkundige vereniging van Nederland en Vlaandere moontlik geword het (Van Hees, 1995: 123-124). Ander "Groot-Nederlanders", soos die historikus P. Geyl, was egter teen enige samewerking met die Duitsers gekant (vgl. Wesseling, 1995:106). Geyl was die outeur van verskeie werke waarin die historiese eenheid van Nederland en België beklemtoon is (o.m. Geyl, 1925-1930, 1930-1959, 1946, 1958)[1]. Tog moes hy hom na die oorlog teen kritiek verweer dat sy Groot-Nederlandse strewe ooreenkomste toon met die Nasionaal-sosialistiese bloed-en-bodemgedagte. Hy het verklaar dat hy onder die begrip Nederlandse stam dié volke en volksgroepe verstaan vir wie Nederlands die moedertaal is en dat hy dit nie as 'n rassegroep sien nie (Geyl, 1958:430-437; vgl. Geyl, 1930:5 en Kossmann, 1995:253).

Die ANV het in die eerste jare na die oorlog nog steeds verklaar dat hy hom beywer vir die belange van die Nederlandse stam en na die Afrikaners as stamverwante verwys (De Klerk, 1996:75). Die begrip Nederlandse stam het egter al meer in diskrediet geraak, veral onder invloed van die sterk reaksie teen alles wat met Nasionaal-sosialistiese idees verband hou en ook as gevolg van 'n verflouing van Nederlandse nasionalisme. Die strewe na groter kulturele eenheid tussen Nederland en Vlaandere het vanaf die sestigerjare sterker geword, en gelei tot die stigting van die Nederlandse Taalunie in 1980. Voorstanders van die kulturele integrasieproses het egter selde die gedagte van stamverwantskap in hierdie verband gebruik, soos onder meer blyk uit die uitgawes van die ANV-maandblad, *Neerlandia*, wat sedert ongeveer 1970 verskyn het.

In Suid-Afrika het die Afrikaners in die Kaapkolonie en die Boererepublieke gedurende die negentiende eeu slegs 'n vae besef van historiese en kulturele verbondenheid met Nederland gehad. Die beleid van die Transvaalse president, Paul Kruger, in die periode tussen 1881 en 1899 om op groot skaal Nederlandse

---

1 Hoewel hy ook Afrikaners in beginsel as lede van die Nederlandse stam beskou het, bevat sy *Geschiedenis van de Nederlandsche stam* (Geyl, 1930-1959) net enkele bladsye oor die Nederlandse volksplanting aan die Kaap. Sy studie dek egter slegs die periode voor 1800.

immigrante veral vir die staatsdiens en die onderwys te werf, het verset by baie Transvaalse Boere uitgelok. Die feit dat Nederlanders van die belangrikste ampte in die regering beklee het en die meerderwaardige houding van sommige Nederlandse immigrante het selfs gelei tot Hollanderhaat (Schutte, 1986:123-141). Die verskille in leefwyse en kultuur tussen die Afrikaners en die Nederlandse immigrante was nie bevorderlik vir die ontwikkeling van 'n stamverwantskapsbesef in Suid-Afrika nie. Die ANV het reeds in 1897 takke in Transvaal gestig, maar baie min Afrikaners het daarby aangesluit (De Klerk, 1994:66-67).

Ook na die Anglo-Boereoorlog was daar onder die Afrikaners oor die algemeen weinig sprake van 'n sterk verwantskapsgevoel met die Nederlanders. Met die opkoms van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging het Afrikaners dikwels Nederlands, wat toe nog 'n amptelike landstaal was, as 'n bedreiging vir die ontwikkeling van Afrikaans gesien.

Afrikanernasionaliste het die behoefte gehad om hul eie identiteit en daarmee die verskille met die Nederlanders te beklemtoon (De Graaff, 1993:324-308; De Klerk, 1997:120-121). 'n Hele aantal Afrikaners het in Nederland gestudeer en onder hulle het 'n toegeneentheid tot die Nederlandse taal en kultuur ontwikkel. Sommige van hulle het by die ANV aangesluit en die idee van die Nederlandse stam bevorder. Hulle het was egter 'n klein groepie intellektuele wie se invloed op die breë Afrikaanse samelewing maar baie beperk was (Scholtz, 1997:62; De Graaff, 1993:324; De Klerk, 1997:13). Die ANV het nooit veel steun in Suid-Afrika verkry nie (De Klerk, 1996:69-74).

## 3. Die ideologiese agtergrond van die stamverwantskapsgedagte

Diegene wat hul in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog met die Groot-Nederlandse beweging geïdentifiseer het, het 'n verskeidenheid godsdienstige en lewensbeskoulike rigtings verteenwoordig. Dit het mense uit die liberale en die konserwatiewe partye in die Nederlandse en Belgiese politiek ingesluit en Calviniste sowel as Rooms-Katolieke. Benewens vae idees oor die Nederlandse stam en die verwantskap tussen Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners het hierdie beweging geen duidelike filosofiese grondslag gehad nie. Die opvattinge van die beweging vorm tog deel van 'n denkklimaat wat in hierdie periode in Europa voorgekom het en wat, ongeag die verskeidenheid in oortuiginge van die lede, 'n invloed op die Groot-Nederlandse strewe uitgeoefen het. Die kenmerke van die denkklimaat word duideliker as die Groot-Nederlandse beweging (soms ook pan-Neerlandisme genoem) gesien word binne die konteks van die pannasionalistiese bewegings wat veral in die tweede helfte van die negentiende sterk na vore

gekom het in Europa[2]. Hierdie bewegings was besondere uitvloeisels van die nasionalisme wat 'n kardinale rol in die ontwikkeling van Europa gedurende die negentiende eeu gespeel het, maar hang tewens nou saam met die laat negentiende-eeuse imperialisme in die Westerse wêreld.

Oor die verskynsel van nasionalisme is talle werke geskryf (enkele invloedryke werke waarna skrywers nog dikwels verwys, is: Kohn, 1961; Kohn, 1965, Kedourie, 1966; Smith, 1971; Gellner, 1983; Breuilly, 1993) en daar bestaan steeds uiteenlopende beskouinge in akademiese kringe (Kramer, 1997, bied 'n resente oorsig oor huidige strominge). Daar word deur die meeste skrywers aanvaar dat nasionalisme in die tydperk voor die agtiende eeu feitlik nie voorgekom het nie. Die ontstaan van nasionalisme word dan ook meesal in verband gebring met die Industriële Omwenteling, wat onder meer daartoe gelei het dat tradisionele samelewings en kleiner etniese eenhede verbrokkel en 'n meer omvattende groepsgevoel begin ontwikkel het. Hierdie gevoel het in die meeste gevalle ontstaan onder mense wat saam deur 'n ander groep of groepe oorheers of bedreig is. Nasionalisme kan dus gesien word as 'n strewe om die posisie van 'n groep teenoor ander groepe, op politieke, ekonomiese, maatskaplik en kulturele gebied te verbeter.

Nasionalisme word onder meer daardeur gekenmerk dat dit 'n strewe is wat onder die breë bevolking in 'n bepaalde gebied voorkom en nie net tot 'n klein elitegroep beperk is nie. Tog het filosowe en politieke denkers 'n besondere rol gespeel om 'n intellektuele onderbou aan nasionalisme in Europa te gee. Hulle het vaagomlynde emosies en strewes wat in 'n gemeenskap ontstaan het, vertolk en duideliker verwoord. Hierdie intellektuele vormgewing aan nasionalisme het weer gehelp om nasionale strewes te versterk en duideliker op bepaalde oogmerke te rig. Daarom word nasionalisme dikwels as sowel 'n politieke strewe as 'n ideologie of soms ook as 'n ideologiese beweging getipeer (vgl. Smith, 1976:1).

Onder invloed van verskillende denkstrominge het verskillende vorme of rigtings van nasionalisme ontwikkel (vgl. hiervoor veral Kohn, 1965; Degenaar, s.j. ). Die Romantiek, 'n geestestroming wat 'n belangrike rol in die laat agtiende eeu en vroeg negentiende eeu gespeel het, het veral 'n besondere bydrae tot die negentiende-eeuse nasionalistiese denke gelewer, en die invloed van hierdie denkrigting kom ook in pannasionalistiese bewegings na vore. Oor die filosowe van hierdie stroming het reeds talle publikasies verskyn, maar ten einde die lewensbeskoulike agtergrond toe te lig waarteen die Europese pannasionalisme beoordeel moet word, word enkele belangrike aspekte van hul denke baie kortliks aangedui. Die

---

2 Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n heroplewing van pannasionalistiese bewegings, maar nou in die Derdewêreldlande (vgl. Ali, 1977 en Snyder, 1984, waarin onder meer pan-Arabisme en pan-Afrikanisme bespreek word).

beskouing van die agtiende-eeuse filosoof, J.J. Rousseau, dat die wette van 'n owerheid die uitdrukking moet wees van die algemene wil, wat hy as 'n soort mistieke band tussen die individue in 'n samelewing sien, het 'n invloed uitgeoefen op die organiese volksbeskouing van Duitse denkers soos J.G. Herder en J.G. Fichte (vgl. Fueter, 1936:408; Von Schmid, 1952:192; Von Schmid, 1954:64; Kedourie, 1966:40-41; Degenaar, s.j.:22). Herder het 'n volk as 'n organiese eenheid beskou. Die kultuur van een volk kan nie op 'n ander volk oorgeplant word nie, omdat dit organies uit 'n volk voortkom. Elke volk het 'n eie gees of siel (Fueter, 1936:410; Kedourie, 1966:59-60; Degenaar, s.j.:22).

Die denkers van die Duitse Romantiek het 'n volk dus feitlik as 'n lewende organisme, 'n (super)persoon met 'n eie siel beskou. Slegs deur hom met die kollektiewe persoonlikheid van die volk te vereenselwig, kan die individu die aard van sy kultuur en waardes reg ken en slegs deur die volk of nasie kan hy volledig mens wees (Von Schmid, 1954:70; Kedourie, 1966:37; Degenaar, s.j.:22).

> Eers deur sy toewyding tot, sy liefde vir en sy diens aan die nasie kom die mens tot die alsydige en harmoniese ontwikkeling van sy persoonlikheid. Eers in die nasie as die totaalste, omvattendste menslike gemeenskap kan die mens homself ten volle verwesenlik. Die nasie is die vervulling van die individuele lewe.

Bogenoemde gedagtes is die siening van die Afrikaanse denker en politikus, N. Diederichs (1936:17-18), wat hom byna 'n eeu later in hoë mate met die opvattinge van die Duitse Romantiek vereenselwig het (vgl. Moodie, 1975:156-159). Volgens hierdie beskouing word die bevordering van die belange van die volk dus die hoogste doel vir alle volkslede – 'n doel waaraan alle ander sake ondergeskik is. 'n Noue verband tussen volk en staat is deur Fichte en ook deur F.W.J. Schelling en G.W.F. Hegel gelê (Von Schmid, 1954:74-77; Kedourie, 1966:47). Politieke leiers van nasionalistiese bewegings het verkondig dat 'n volk slegs vry kan wees en sy strewes volkome kan verwesenlik binne sy eie onafhanklike staat. In Duitsland en Italië, wat polities verdeeld was, is gestreef na politieke eenheid, terwyl in die Habsburgse en Ottomaanse Ryke van Sentraal- en Oos-Europa nasionalistiese strewes onder die Grieke, Serwiërs, Tsjegge, Hongare en verskeie ander groepe gerig was op die verkryging van onafhanklikheid in aparte state (vgl. Kotze, 1970:52-141).

Hoewel Afrikanernasionalisme eers in die laat negentiende eeu ontstaan het, het denkbeelde uit die Duitse Romantiek ook 'n belangrike invloed daarop gehad, soos veral blyk uit die beskouinge van politieke denkers soos P.J. Meyer en N. Diederichs, waarna reeds hierbo verwys is, en ook van historici soos G.S. Preller (vgl. Oberholster, 1966; Moodie, 1975:154-165; De Klerk, 1989a; Venter, 1997:98). Ook vandag nog is beskouinge soos dat die volk 'n organiese eenheid is

onder sommige Afrikanerintellektuele aanwesig, veral onder aanhangers van die volkstaatgedagte (vgl. byvoorbeeld Jooste, 1991:98-99).

Die eerste tekens van pannasionalisme het vroeg in die die negentiende eeu na vore gekom. In hierdie tyd het die vergelykende taalwetenskap tot ontwikkeling gekom. Groter kennis van die bestaan van veral die Germaanse en Slawiese taalfamilies het gelei tot die beskouing dat die sprekers van hierdie tale ook tot verwante volke behoort. Die bekende taalkundige, Jacob Grimm, se vergelykende taalstudie het hom aangespoor om ook die staats- en regsinstellinge van volke wat Germaanse tale praat te vergelyk en sodoende kennis te probeer bekom van die Germaanse "oervolk", wat hy geglo het in die verre verlede moes bestaan het (Scherer, 1885:327-328; Talens, 1997:376-381). Die verwantskappe wat daar tussen tale gevind is, is dus op volke toegepas en, in ooreenstemming met die Romantiese beskouing van 'n volk as lewende organisme, is aanvaar dat volke ook aan mekaar verwant is en afstam van gemeenskaplike voorouer-volke. Onder die Slawiestalige volke het nasionalistiese strewes ontwikkel wat veral daarop gerig was om vry te kom van oorheersing deur die Duitstalige Oostenrykers (in die geval van die Tsjegge en Kroate) en die Turke (in die geval van die Serwiërs en Bulgare). Onder Russiese intellektuele was daar sterk simpatie met hierdie mede-Slawe en in 1832 het 'n Russiese digter geskryf dat die Russiese arend sy beskermende vleuels oor ander Slawiese volke in Europa moes uitstrek (Gollwitzer, 1969:44). Hoewel die outokratiese Russiese bewind aanvanklik nie veel simpatie met die pan-Slawiese strewe gehad het nie – weens die demokratiese idees wat deur die voorstanders daarvan gehuldig is – is later besef dat pan-Slawisme aangewend kon word om die steun van die Slawiese volke in Sentraal- en Oos-Europa te verkry en die Russiese drang na magsuitbreiding in Oos-Europa te bevorder (Gollwitzer, 1969:114). Pan-Slawisme was dus 'n nasionalistiese sowel as 'n imperialistiese beweging.

Dit word algemeen deur historici aanvaar dat 'n verskeidenheid faktore bygedra het tot die Europese imperialisme van die laat negentiende eeu wat uitgeloop het op die vestiging van groot koloniale ryke in Asië en Afrika. Nasionalisme en pannasionalisme word meesal as een van die faktore genoem. Met die unifikasie van Duitsland en Italië is die nasionale strewes in daardie lande verwesenlik. Vir sommige nasionaliste was dit egter nie genoeg nie en hulle het toe na nuwe oogmerke gesoek om na te streef. Die idee dat die eie volk of groep besondere eienskappe het wat dit beter maak as ander groepe, kan as 'n algemene kenmerk van nasionalisme beskou word. Fichte het gemeen dat die Duitse taal en volksgees suiwerder was as dié van ander volke (Kedourie, 1966:66; Degenaar, s.j.:22), terwyl Hegel geglo het dat die Germaanse volke in die laaste van die vier tydperke wat – volgens hom – in die geskiedenis voorkom, die leiding in die wêreld sal neem (Von Schmid, 1954:77). Op hierdie wyse het nasionalisme bygedra tot die beskouing dat Europese volke weens hul hoër ontwikkelingspeil

eintlik 'n plig het om oor minder ontwikkelde volke te regeer en hul so tot 'n hoër vlak van ontwikkeling te lei (vgl. Gollwitzer, 1969:165-171). Terwyl nasionalisme oor die algemeen as 'n reaksie teen vreemde oorheersing ontstaan het, het dit, veral in sy pannasionalistiese vorm, self bygedra tot die onderwerping van ander groepe.

Dit is reeds in die vorige afdeling aangedui dat die Groot-Nederlandse Beweging, soos die pan-Slawisme, 'n imperialistiese strewe ingehou het, naamlik die uitbreiding van die Nederlandse kultuurgebied en (aanvanklik) ook van Nederlandse politieke invloed in Suid-Afrika. Hoewel die Vlaminge die gedagte van stamverwantskap gebruik het in hul eie emansipasiestryd, het sommige Vlaminge die Groot-Nederlandse Beweging beleef as 'n imperialistiese strewe van die "Hollanders" om Vlaandere by Nederland in te lyf (Kossmann, 1995:255) en, soos hierbo aangetoon, is Afrikaners se houding teenoor bande met Nederland en die Nederlanders vroeërjare beïnvloed deur 'n vrees vir Nederlandse oorheersing. Die feit dat die Nederlanders duidelik die sterkste groep was in vergelyking met die Vlaminge en die Afrikaners, verklaar ook waarom dit oor die algemeen die Nederlanders was wat die meeste entoesiasme getoon het vir en die voortou geneem het in die ANV en die hele Groot-Nederlandse beweging.

Die imperialistiese strewe wat implisiet in die panbewegings aanwesig was, het daartoe bygedra dat die verskillende bewegings se belange soms met mekaar in botsing gekom het. In Duitsland is die Alldeutscher Verband in 1890 gestig. Dit het hom beywer vir Duitse koloniale uitbreiding (Gollwitzer, 1969:106), maar wou ook Duitsers wat nog buite Duitsland woon, onder meer in Oostenryk en Switserland, onder Duitse gesag bring (Wessely, 1938:27); hierdie strewe word gewoonlik pan-Germanisme genoem.[3] Sommige pan-Germaniste het na Nederlanders en Vlaminge as Nederduitsers verwys en wou Nederland en Vlaandere ook by Duitsland inlyf (Wessely, 1938:27; Snyder, 1984:50-51). Ook die Afrikaners is deur die pan-Germaniste as "bloedbroers" beskou (Wessely, 1938:27; Snyder, 1984:50-51). Die oogmerke van die pan-Germaanse beweging het direk met die Groot-Nederlandse strewe gebots, en die oorgrote meerderheid Vlaminge en Nederlanders het ook weinig simpatie gehad met die gedagte om by die Duitse ryk ingelyf te word (Elias, 1911:31 8-326).

3 Pan-Germanisme en pan-Neerlandisme (of die Groot-Nederlandse Beweging) moet albei onderskei word van die Aldietsche Beweging wat in die sestigerjare van die vorige eeu tot stand gekom het en hom daarvoor beywer het om almal wat Nederlands, Vlaams en Plat-Duits gepraat het (wat saam die "Dietse taal" genoem is) – dus die inwoners van 'n groot gebied wat dele van België, Nederland en feitlik die noordelike helfte van Duitsland insluit – nouer aan mekaar te bind (vgl Simons, 1980:5) Die idee het na die Duitse unifikasie van 1870 op die agtergrond geraak

Pan-Anglisme het gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu in Groot-Brittanje na vore gekom as 'n strewe om alle lede van die "Britse ras", insluitende Noord-Amerikaners, nouer aan mekaar te bind. Sommige Britse imperialiste het hierdie strewe nog verder uitgebrei na pan-Teutonisme om ook die Duitsers en ander volke van Germaanse afkoms in te sluit. Die Britse historikus, Thomas Carlyle, en andere het geglo dat hierdie Germaanse "ras" superieur ten opsigte van ander volke en rasse was vanweë hul inherente kwaliteite maar ook vanweë hulle Protestantse godsdiens en lewensbeskouing (Gollwitzer, 1969:51-52).

Die botsende beskouings van die verskillende pannasionalistiese bewegings ten opsigte van watter volke en groepe deel van 'n bepaalde volkefamilie uitmaak, toon dat hierdie beskouings sterk deur ideologiese faktore en politieke strewes bepaal is en nie noodwendig in die eerste plek op wetenskaplike studie gegrond is nie.

In die Groot-Nederlandse beweging en al die ander Europese pannasionalistiese bewegings van die laat negentiende en vroeë twintigste eeue, is allerlei idees oor taal, kultuur, volk en ras met mekaar vermeng. Alhoewel 'n oordrewe beskouing van die volk se besondere deugde algemeen by nasionalistiese strewes voorkom, is die idee van 'n "meesterras", soos gehuldig binne die beweging van pan-Teutonisme, nie eksplisiet by al die panbewegings aanwesig nie en beslis nie by die Groot-Nederlandse beweging nie. Die Groot-Nederlanders het egter nie die begrip Nederlandse stam uitsluitend in 'n taalkundige sin gebruik soos die historikus, Geyl, dit wou doen nie. Die klem in die Groot-Nederlandse strewe het wel hoofsaaklik op taal en kultuur geval, maar daar is tog dikwels verwys na die gemeenskaplike "Nederlandse bloed" wat in die are van Nederlanders, Vlaminge en Afrikaners vloei (bv. in die ANV-blad *Neerlandia* van Januarie 1897 en talle latere nommers). Geyl het ook toegegee dat daar binne die Groot-Nederlandse beweging 'n verskeidenheid beskouings was en dat dit, naas meer gematigde denkers, ook ekstreem-nasionalistiese gedagterigtings gehuisves het (Geyl, 1958: 434-435).

In die Duitse Nasionaal-sosialisme met sy idees oor die sogenaamde Ariese ras as 'n superras en sy anti-Semitisme het sommige van die opvattinge wat deur die pannasionalistiese bewegings gehuldig is, 'n baie ekstreme vorm aangeneem. Na die Tweede Wêreldoorlog het die geweldige reaksie teen beskouings wat met die Nasionaal-sosialisme verbandhou, daartoe gelei dat die opvattinge van die negentiende-eeuse panbewegings ook in 'n baie negatiewe lig beskou is.

## 4. Afrikaans-Nederlandse stamverwantskap – enkele prinsipieel-kritiese opmerkings

'n Kritiese beoordeling van die stamverwantskapsgedagte vereis dat hierdie begrip en die nasionalistiese denke waaruit dit voortvloei, prinsipieel bekyk moet

word, maar ook dat die aannames waarop dit berus, vergelyk moet word met die wetenskaplike kennis wat tans tot ons beskikking is.

Nederlandse en Afrikaanse Calviniste van die laat negentiende en vroeë twintigste eeue was oor die algemeen sterk nasionalisties gesind, en het in hierdie opsig aangesluit by die heersende beskouings en strewes van die samelewings waarvan hul deel gevorm het. Calviniste in Nederland en in Suid-Afrika sien nasionalisme vandag nie meer as so maklik versoenbaar met 'n Reformatoriese wêreldbeskouing soos wat hul voorouers gemeen het nie. Die besef dat die Duitse Nasionaal-sosialisme en ook die apartheidsbeleid in Suid-Afrika, wat op 'n apartheidsideologie uitgeloop het, die konsekwensies was van nasionalistiese beskouings, het bygedra tot 'n kritiese herwaardering van die uitgangspunte van nasionalistiese denke.

- **Abraham Kuyper**

Abraham Kuyper, wat gewoonlik as die vader van die Neo-Calvinisme beskou word en wat 'n baie groot invloed op die beskouings van Nederlandse en Afrikaanse Calviniste in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog gehad het, was, soos die meeste Nederlanders van sy tyd, ook 'n Nederlandse nasionalis. Hy het dikwels na die Afrikaners as stamverwante verwys en as politikus die belange van die Boererepublieke bevorder (Van Koppen, 1992:4 e.v.). Verskeie resente skrywers wys daarop dat die Romantiek en Duitse idealistiese denke hom beïnvloed het, onder meer wat sy volksbeskouing betref (o.m. Botha, 1982:46; Strauss, 1993:330, Van der Walt, 1995:245). Van der Walt toon aan hoe Kuyper deur die gebruik van organisme-metafore 'n mate van determinisme in sy samelewingsbeskouing ingedra het. Kuyper was van oordeel dat kulturele ontwikkeling 'n organiese proses is; dus 'n proses wat noodwendig op 'n bepaalde wyse verloop. Hy verduidelik dit met die beeld van 'n roosboom. Die 'saadjie' van die roosboom bepaal die ontkiemingsproses, die vorming van takke, blare en blomme en selfs die kleur van die roos se blare. So is in die skepping vasgelê watter samelewingsverbande, en ook watter variasies en vorme van hierdie verbande, in die loop van die geskiedenis na vore sal kom (Van der Walt, 1995:244). Strauss dui verder aan dat Kuyper meen dat by die spraakverwarring van Babel God 'n wonder laat plaasvind het waardeur die verskille tusen volke in die menslike bewussyn vasgelê is en dat vanuit hierdie bewussyn elke volk met 'n eie besondere aard en met 'n eie taak en plek op aarde in die loop van die geskiedenis ontstaan. Kuyper erken wel die rol van menslike keusevryheid in kulturele vormgewing, maar hierdie vryheid word volgens hom beperk deur die aard van die variasiemoontlikhede wat in die skepping teenwoordig is (Van der Walt, 1995:245-246). Vir Kuyper is die volk dus 'n organiese eenheid met 'n besondere aard waarvan die struktuur deur skeppingsordinansies vasgelê is en hy ken aan hierdie struktuur 'n soort goddelike normatiwiteit toe (Van der Walt, 1995:250). Strauss (1993:33 1) toon aan dat Suid-Afrikaanse teoloë soos F.J.M.

Potgieter by Kuyper se volksbeskouing aansluit om die apartheidsbeleid te regverdig en vermenging tussen rasse en volke af te wys. Strauss (1993:335) meen dat Kuyper se organistiese volksbeskouing 'n "nie-Christelike" deel van sy denke verteenwoordig wat in sy latere geskrifte nie meer sterk na vore kom nie.

- **H.G. Stoker**

'n Latere Calvinistiese denker, H.G. Stoker, was veral in Suid-Afrika invloedryk en het hom sterk met die Afrikaner se nasionale strewe vereenselwig (vgl. De Klerk, 1989a:56-66). Sy volksbeskouing toon heelwat ooreenkomste met dié van Kuyper (vgl. Van Wyk, 1994:438-439, 448) en hy verwys onder meer in sy vroeëre geskrifte na 'n volk as 'n organisme (De Klerk, 1989a:59-60). Hy glo dat die Afrikaner onder die voorsienige bestel van God tot stand gekom het en daarom 'n roeping het om sy identiteit te bewaar. Hy sien die apartheidsbeleid as 'n logiese konsekwensie van hierdie roeping (Van Wyk, 1994:441-446). Van Wyk meen dat Stoker se siening van die volk as primêre samelewingskring en sy klem op die verskeidenheidsbeginsel ten koste van die eenheidsbeginsel daartoe bygedra het dat hy aan "die ideologie van apartheid ... ten prooi geval het" (Van Wyk, 1994:451).

Uit Kuyper en Stoker se samelewingsbeskouings blyk die gevaar dat, wanneer die organisme-metafoor toegepas word op die kenmerke van volke, en daarmee ook op die begrip stamverwantskap, natuurwetmatige eienskappe wat eie aan organismes is, foutiewelik op menslike kultuuruitings, soos dit by volke voorkom, oorgedra word. Dit dra weer daartoe by dat die tradisies wat deur die eeue heen ontwikkel het tot norm verhef word, soos wat by die filosowe en historici van die Romantiek en ook by vroeëre Calvinistiese denkers soos G. Groen van Prinsterer duidelik na vore kom (vgl. De Klerk, 1985:58-59). Wanneer menslike tradisies en gebruike normatief word, maak dit die weg oop vir ideologieë.

Daar is hierbo aangetoon dat pannasionalistiese bewegings, waaronder ook die Groot-Nederlandse Beweging, imperialistiese of ekspansionistiese trekke het. Dit is nie noodwendig prinsipieel onaanvaarbaar dat een volk of groep oor ander groepe gesag voer nie (dit word verder bespreek in De Klerk, 1989b), maar dit is kwalik nodig om te meld dat die strewe om die kulturele, ekonomiese en of politieke mag van een groep uit te brei ten koste van ander samelewings en groepe nie met 'n Christelike samelewingsbeskouing strook nie.

Die idee van bloedverwantskap tussen Afrikaners en Nederlanders, hang, soos in die vorige afdeling aangedui, saam met 'n organiese volksbeskouing en nasionalistiese denke. Onder invloed van hierdie beskouings is geredelik aanvaar dat taalverwantskap ook op bloedverwantskap dui. Die Duitsers van die vroeë negentiende eeu het byvoorbeeld slegs die Germane as hul voorouers beskou en in die Germaanse verlede na die ware aard van die Duitse "volksiel" gesoek (vgl.

Fueter, 1936:420). Dit word vandag algemeen deur historici aanvaar dat die Germaanse stamme wat Wes-Europa in die eeue rondom die geboorte van Christus binnegekom het, groepe soos die Kelte, wat reeds daar gewoon het, onderwerp en geabsorbeer het. Hoewel hierdie groepe se tale en kulture verdwyn het, vorm hulle 'n beduidende persentasie (hoe groot presies, is moeilik om te bepaal) van die voorouers van die huidige inwoners van Duitsland en ander Wes-Europese lande (vgl. Maehl, 1979:3-8). Dit is veral goed bekend dat die Angelsaksers wat Groot-Brittanje vanaf die vyfde eeu binnegeval het, waarskynlik 'n minderheid in die totale bevolking van Engeland gebly het (Arnold, 1984:161-162). In Skotland en Wallis het die verengelsingsproses eers veel later begin en het baie min mense van Germaanse herkoms hul gevestig (Le Patourel, 1976:65; Hechter, 1975:188). Hoewel Engels 'n Germaanse taal is, is die Britte dus nie oorwegend van Germaanse herkoms nie en is dit nie korrek om hulle as lede van 'n Germaanse of Teutoonse ras te sien nie.

Kan die Nederlanders en die Afrikaners as bloedverwante beskou word? De Bruyn (1976:39-42), wat naas Heese (1972) tot dusver die deeglikste ondersoek na die afkoms van die Afrikaners gedoen het, het nagegaan wie die blanke Afrikaners wat teen 1807 geleef het, se voorouers was en het bevind dat ongeveer 34% van hulle Nederlanders was, 29% Duitsers, 25% Franse, 3% Britte, 3% ander Europeërs en 5% Khoikhoi en slawe. Die meeste slawe aan die Kaap was afkomstig uit Madagaskar, maar daar was ook slawe uit Indië en Indonesië en uit Wes- en Oos-Afrika (vgl. Armstrong & Worden, 1989:110-122). Na 1807 was daar verdere immigrasie van Nederlanders maar ook van mense uit ander Europese lande met wie Afrikaners ondertrou het, en dit is dus onwaarskynlik dat, as die persentasies tot vandag toe bereken sou kon word, die Nederlandse element groter sou wees. As alle Afrikaanssprekendes in berekening gebring word, is die persentasie Nederlandse bloed nog veel kleiner, waarskynlik minder as 20%[4]. Afrikaners en Nederlanders het dus weinig voorouers gemeen en kan nie as bloedverwante beskou word soos wat broers of neefs aan mekaar verwant is nie.

Die gedagte van stamverwantskap, soos wat dit in die negentiende en vroeë twintigste eeue by voorstanders van die Groot-Nederlandse strewe voorgekom het, kan dus moeilik met 'n Christelik-Reformatoriese samelewingsbeskouing gerym word en strook ook nie met die kennis en interpretasie van die geskiedenis wat tans deur die meerderheid wetenskaplike historici aanvaar word nie.

---

4 Volgens die gegewens van die Sentrale Statistiekdiens (1994) is die huistaal van sowat 2,9 miljoen blankes en ongeveer 2,7 miljoen kleurlinge Afrikaans Hoewel daar ook Nederlanders onder die kleurlinge se voorouers is, is die aantal waarskynlik maar baie klein

Wanneer die term stamverwantskap vandag gebruik word, geskied dit nie noodwendig vanuit die nasionalistiese (of pannasionalistiese) denkraamwerk waarin dit vroeer gedoen is nie. Die oorspronklike betekenis waarin die stambegrip gebruik is, is moontlik nie meer vir almal duidelik nie, veral ook omdat die begrip figuurlik gebruik kan word in die sin van Afrikaners en Nederlanders as takke van dieselfde boomstam, wat nie noodwendig bloedverwantskap of lid-wees van 'n familie van volke hoef te impliseer nie. Ten opsigte van die taal is die begrip van verwantskap wel toepaslik. Die Germaanse tale, waaronder Engels, Duits, Nederlands en Afrikaans, is verwant aan mekaar, en veral tussen Afrikaans en Nederlands is daar 'n baie noue band. Dit word algemeen deur wetenskaplikes aanvaar dat Afrikaans direk uit Nederlands ontwikkel het. Hoewel kontak met ander tale as Nederlands ook 'n rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, dui "die byna ongewysigde sintaksis, die klankvorm van woorde en die woordeskat ... op die ononderbroke kontinuïteit van Nederlands wat geleidelik a.g.v. taalversteuring 'n sterk vereenvoudiging, maar geen herstrukturering nie, ondergaan het", aldus die bekende Afrikaanse taalhistorikus E.H. Raidt (1991:236).

Om na hierdie taalverwantskap as stamverwantskap te verwys, is egter verwarrend. Al dink moderne gebruikers van die term, soos die historikus, Geyl, reeds gedoen het, daarby nie noodwendig aan bloedverwantskap nie, word daarmee tog gewoonlik 'n meer omvattende verwantskap as net ten opsigte van taal bedoel. Taal is 'n faset van kultuur, maar verwantskap tussen tale impliseer nie noodwendig ooreenkomste ten opsigte van ander aspekte van die kultuur nie. Nederlands en Afrikaans behoort byvoorbeeld saam met verskeie Indiese tale tot die Indo-Europese taalfamilie, maar Nederlanders en Afrikaners het kultureel in die algemeen meer gemeen met sprekers van nie-Indo-Europese tale soos die Finne en Hongare as met die mense van Indië. As na die leefwyse, sosiale gebruike, ensovoorts, van die Afrikaners gekyk word, is daar nie groter ooreenkomste met die Nederlanders as met die Amerikaners en die Britte nie.

Daar is naas die taal tog ander belangrike ooreenkomste tussen Afrikaners en Nederlanders. Een daarvan is die godsdiens. 'n Groot deel van die Afrikaanssprekendes (maar nie meer die meerderheid nie) behoort vandag nog tot die Calvinistiese kerke, wat oorspronklik deur Nederlandse koloniste hier gevestig is. Ook onder die Nederlanders is daar nog 'n beduidende aantal lidmate van Calvinistiese kerke.

Hierbenewens is die historiese verbondenheid van die Nederlanders met die Afrikaners veral belangrik. Dit is 'n onteenseglike feit dat Nederlanders die volksplanting aan die Kaap gevestig het en dat die eerste Nederlandse koloniste, saam met immigrante uit Duitsland en Frankryk, die voorouers van die Afrikaners was. Die Nederlanders het egter ook die inheemse bevolking in die Kaap gekoloniseer en in die anderhalfeeu van Nederlandse bewind in die Kaapkolonie het ontstamde Khoikhoi en slawe in belangrike mate 'n Westerse kultuur en

leefwyse met 'n sterk Nederlandse inslag aangeneem. Vir hierdie Afrikaanssprekendes, wat hoofsaaklik nie-Europese voorouers het, is die Nederlanders vroeëre oorheersers, en dit is begryplik dat hulle die historiese bande met die Nederlanders soms eerder negatief as positief beleef. Daarom, selfs wanneer met stamverwantskap hoofsaaklik aan historiese en kulturele bande gedink word, sal die term vir Afrikaanssprekendes van hoofsaaklik nie-Europese afkoms problematies wees.

Wanneer by samewerking tussen Afrikaners en Nederlanders die stamverwantskapsgedagte in die sentrum geplaas word, kan dit dus daartoe lei dat die werklike ooreenkomste ten opsigte van taal en kultuur waarop die samewerking gefokus behoort te wees, nie in die juiste perspektief gesien word nie en selfs na die agtergrond gedring word.

## 5. Konklusie

Daar bestaan noue bande tussen Nederlanders en Afrikaners ten opsigte van die taal en verskillende ander aspekte van die kultuur. Die kulturele ooreenkomste tussen Afrikaners en Nederlanders is miskien groter as dié tussen Afrikaners en ander Westerse volke soos die Amerikaners, Britte en Duitsers, hoewel sulke ooreenkomste moeilik meetbaar is. Die kulturele en historiese bande met Nederland en België is vir Afrikaners (of Afrikaanses) veral vandag, in 'n samelewing wat tans 'n veel sterker nie-Westerse of Afrikakarakter het as tevore, van die grootste belang vir die bewaring en uitbouing van hul eie kultuur. In die bevordering van kulturele kontak is die begrip stamverwantskap egter eerder 'n hindernis as 'n bate. Soos reeds aangetoon, is dit sowel op grond van historiese gegewens as om prinsipiële redes problematies. Die stamverwantskapsgedagte het ontwikkel uit negentiende-eeuse nasionalistiese denke in Europa waarin taal, kultuur en bloedverwantskap met mekaar vermeng is en kan nie sonder meer van hierdie lewensbeskoulike agtergrond losgemaak word nie. Daarbenewens het die stamverwantskapsbegrip vir baie Nederlanders, nie net as gevolg van die sterk reaksie teen Nasionaal-sosialisme nie, maar ook omdat dit met verouderde nasionalistiese denke saamhang, 'n negatiewe konnotasie gekry. Ook kan die begrip vir Afrikaanssprekendes van hoofsaaklik nie-Europese afkoms kwalik 'n positiewe betekenis hê. Die stamverwantskapsgedagte dra beslis nie by tot die versterking van die huidige tendens om die begrip Afrikaners te verruim, sodat dit alle Afrikaanssprekendes insluit nie.

## Bronne

ALI, S. 1977. Pan-movements in the Third World. Lahore : Anaskali.

ARMSTRONG, J.C & WORDEN, N. 1989 The slaves, 1652-1834. (*In* Elphick, R. & Giliomee, H *eds.* The shaping of South African society, 1652-1840. Kaapstad : Maskew Miller Longman. p. 109-183.)

ARNOLD, C.J. 1984. Roman Britain to Saxon England. London : Croom Helm.

BOTHA, M.E. 1982. Christelik-nasionaal: outentieke, ideologiese of gesekulariseerde Calvinisme? Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

BREUILLY, J. 1993. Nationalism and the state. Manchester : University Press.

DE BRUYN, G.F.C. 1976. Die samestelling van die Afrikanervolk. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 16 (1):39-42

DEGENAAR, J.J. s.j. The roots of nationalism Pretoria : Academica.

DE GRAAFF, B.J.H. 1993. De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners, 1902-1930. Amsterdam : Suid-Afrikaanse Instituut.

DE KLERK, P. 1985. Ontwikkeling as sentrale begrip in die geskiedkunde. *(In* Potchefstroomse Universiteit vir CHO, *uitg.* Mens en samelewing. 'n Bundel opstelle uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 56-68.)

DE KLERK, P. 1989a. Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 14 (2):43-81.

DE KLERK, P. 1989b. Die rol van kolonialisme in historiese ontwikkeling. *Koers,* 54(3) 249-271.

DE KLERK, P. 1994. Die Algemeen-Nederlands Verbond en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 8 (2) 65-70.

DE KLERK, P. 1996. Die Algemeen-Nederlands Verbond en Suid-Afrika, 1945-1995 *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 21 (1):68-87.

DE KLERK, P. 1997. Die Algemeen-Nederlands Verbond in Suid-Afrika, 1906-1940. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 11(1):109-122.

DIEDERICHS, N. 1936. Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme. Bloemfontein : Nasionale Pers.

ELIAS, H.J. 1971. Geschiedenis van de Vlaamse gedachte. Vol. 4. Antwerpen : Nederlandsche Boekhandel.

FUETER, E 1 936. Geschichte der neueren Historiographie. München : Oldenbourg.

GELLNER, E. 1983. Nations and nationalism. Oxford : Blackwell.

GEYL, P. 1925-1930. De Groot-Nederlandsche gedachte. 3 vols. Haarlem : Tjeenk Willink

GEYL, P. 1930. Geschiedenis van de Nederlandsche stam. Vol 1. Amsterdam : Wereldbibliotheek.

GEYL, P. 1930-1959. Geschiedenis van de Nederlandsche stam. 4 vols. Amsterdam : Wereldbibliotheek.

GEYL, P. 1946. Eenheid en tweeheid in de Nederlanden. Lochem : De Tijdstroom.

GEYL, P. 1958 Studies en strijdschriften. Groningen : Wosten.

GOLLWITZER, H. 1969. Europe in the age of imperialism, 1880-1914. London : Thames & Hudson.

GORIS, J.M. 1983 België en de Boerenrepublieken. Retie : Kempische Boekhandel

GROOTHOFF, G. & WALTMANS, H. 1995. Het Algemeen-Nederlands Verbond van 1945 tot heden *(In* Van Hees, P. & De Schepper, H. *reds.* Tussen cultuur en politiek. Het Algemeen-Nederlands Verbond, 1895-1995. Hilversum-Den Haag : Verloren. p. 139-227 )

HECHTER, M. 1975. Internal colonialism: the Celtic fringe in British national development. London : Routledge.

HEESE, J.A. 1972. Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867. Kaapstad : Balkema

JONGSMA, W. 1993. Nederland en de internationale politiek speciaal met betrekking tot de Boerenrepublieken, 1880-1902 Sympathie of eigenbelang? Bloemfontein : UOVS.

JOOSTE, C. J. 1991. 'n Volkstaat vir Boere-Afrikaners. Pretoria : Afrikanervryheidstigting

KEDOURIE, E. 1966. Nationalism. London : Hutchinson. (Derde uitgawe.)

KOHN, H. 1961. The idea of nationalism New York : Macmillan. (Hersiene uitgawe.)

KOHN, H. 1965. Nationalism. Its meaning and history. Princeton : Van Nostrand.

KOSSMANN, E H. 1994. Een tuchteloos probleem. De natie in de Nederlanden Leuven : Davidsfonds.

KOSSMANN, E.H. 1995. Vergankelijkheid en continuiteit. Opstellen over geschiedenis. Amsterdam : Bert Bakker.

KOTZE, D.J 1970. Nasionalisme: geskiedenis en pan-nasionalistiese bewegings. Kaapstad : Tafelberg

KRAMER, L. 1997. Historical narratives and the meaning of nationalism. *Journal of the History of Ideas,* 58(3):525-545.

KUITENBROUWER, M. 1991. The Netherlands and the rise of modern imperialism. Colonies and foreign policy, 1870-1902. New York : St Martin's.

LE PATOUREL, J. 1976. The Norman empire. Oxford : Clarendon.

MAEHL, W H 1 979 Germany in Western civilization. Alabama : University Press.

MOODIE, T.D. 1975. The rise of Afrikanerdom. Berkeley : University of California.

OBERHOLSTER, J.J. 1966. Die neerslag van die Romantiek op ons geskiedskrywing. Gustav S. Preller. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 7 (1):313-321

RAIDT, E.H. 1991 Afrikaans en sy Europese verlede Kaapstad : Nasou

SCHERER, W 1885. Jacob Grimm Berlin : Weidmann.

SCHOLTZ, G.D 1979. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel 7: 1924-1939 Johannesburg : Perskor.

SCHUTTE, G.J. 1986. Nederland en de Afrikaners. Adhesie en aversie. Franeker : Wever.

SCHUTTE, G.J 1993. De roeping ten aanzien van het oude broedervolk Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990. Amsterdam : Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging.

SENTRALE STATISTIEKDIENS. 1994. Suid-Afrikaanse statistieke. Pretoria : Sentrale Statistiekdiens.

SIMONS, L. 1980. Van Duinkerke tot Königsberg. Geschiedenis van de Aldietsche Beweging. Brugge : Orion.

SMITH, A.D. 1971. Theories of nationalism. London : Duckworth.

SMITH, A.D. 1976. Introduction: the formation of nationalist movements. (*In* Smith, A.D. *ed* Nationalist movements. London : MacMillan. p. 1-30.)

SNYDER, L.L 1984 Macro-nationalisms; a history of the pan-movements. Westport, Connecticut Greenwood.

STRAUSS, P J. 1993. Abraham Kuyper, ras en volk – en Suid-Afrika. *In die Skriflig,* 27(3): 323-336.

TALENS, J 1997. Sprookjes, germanistiek en politiek: Jacob Grimm en Duitsland. *Spiegel Historiael,* 9(32):376-381.

TERBLANCHE, H 0. 1995a. Nederland en Suid-Afrika: herontdekking van stamverwantskap. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 20(2):50-68.

TERBLANCHE, H O. 1995b. Stamverwantskap. mite of werklikheid? *Ensovoort,* 7(1):68-71.

TERBLANCHE, H O 1997 Suid-Afrika en Nederland – vreemdelinge vir mekaar. Die jare ná 1960 *Historia,* 42(1) 98-115.

TE VELDE, H 1992. Gemeenschapszin en plichtsbesef. Liberalisme en nationalisme in Nederland, 1870-1918 's-Gravenhage : SDU.

VAN DER WALT, M.F. 1995. Die verband tussen skeppingsordinansies en kulturele vormgewing by A Kuyper. *Koers,* 60 (2):237-258

VAN HEES, P 1995 Het Algemeen-Nederlands Verbond 1940-1945. (*In* Van Hees, P. & De Schepper, H *reds.* Tussen cultuur en politiek. Het Algemeen-Nederlands Verbond, 1895-1995. Hilversum-Den Haag : Verloren. p. 121-136.)

VAN KOPPEN, C.A J. 1992. De Geuzen van de negentiende eeuw. Abraham Kuyper en Zuid-Afrika Maarssen : Inmerc bv.

VAN WYK, J.H. 1994. Liberale konserwatisme? H.G. Stoker en die ideologie van apartheid 'n verkenning. *Koers,* 59(3&4):435-454.

VAN ZYL, D. 1995. Nederlands in Suid-Afrika – ou-ou tyding of nuwe lente? *Ensovoort,* 7(1):71-78.

VENTER, J.J. 1997. Mechanistic individualism versus organistic totalitarianism. *Koers,* 62(1): 91-114.

VON SCHMID, J.J. 1952. Grote denkers over staat en recht. Vol. 1. Haarlem : Bohn.

VON SCHMID, J.J. 1954. Grote denkers over staat en recht. Vol 2. Haarlem : Bohn.

WESSELING, H. L. 1995. Onder historici. Opstellen over geschiedenis en geschiedschrijving. Amsterdam : Bert Bakker.

WESSELY, K. 1938. Pangermanismus. Geschichte und Widerlegung eines Schlagwortes Linz : Seidl.